
AKTIVISME GIDS

# DIE REG OM TE PROTESTEER



## Begrip van die Regulering van Byeenkomste Wet, arrestasies en hofprosesse

RIGHT2KNOW



# Elkeen het die reg om te protesteer!

Protesaksie is 'n belangrike manier vir mense om hulself uit te druk oor sake wat vir hulle belangrik is, en seker te maak dat mense wat mag het luister na hul bekommernisse.

Artikel 17 van die Grondwet sê dat almal die reg het om te protesteer – eendragtig en ongewapend. Dit sluit protesaksies wat nie-gewelddadig, maar baie ontwrigtend is in.

Hierdie reg is ten nouste gekoppel aan ander politieke regte in die Grondwet, insluitende vryheid van uitdrukking en vryheid van assosiasie (wat beteken die reg om te assosieer met enige saak, idee of organisasie).

**UITGEREIK DEUR DIE RIGHT2KNOW VELDTOG, DESEMBER 2015. AFRIKAANSE WEERGAWE: 2018**

Vrywaring: Hierdie boekie word ter inligting aangebied en is nie 'n poging om regshulp te bied nie. Dit is nie alles-insluitend nie en die samestellers aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige foute of aksie wat veroorsaak kan word deur 'n bepaalde begrip van die inhoud nie.

Hierdie boekie is gelisensieer onder die "Creative Commons Attribution-ShareAlike 4.0" Internasionale Lisensie. (CC BY-SA 4.0)

**Laai hierdie gids af by www.r2k.org.za/protestguide**

*Oor hierdie boekie* . . . 2

**1. VERSTAAN DIE REGULASIES VAN DIE WET OP BYEENKOMSTE 3**

Wat is die Wet op Regulering van Byeenkomste? . . . 4
Wat is 'n byeenkoms? . . . 5
Is dit waar dat ek moet kennis gee oor 'n byeenkoms? . . . 5
Wanneer moet ek die Munisipaliteit in kennis stel (hoeveel dae)? . . . 6
Hoe gee ek kennis van 'n protes? . . . 6
Nadat ek kennis gegee het, wat gebeur? . . . 8
Wat gebeur by 'n artikel 4 vergadering? . . . 9
Kan die owerhede die protesaksie verbied? . . . 9
Hoe misbruik owerhede die Wet op Byeenkomste? . . . 11
Strategie en taktiek: Gebruike en Uitdaging van die Wet op Byeenkomste 12
Nasionale Sleutelpunte Wet . . . 13

**2. DIE ROL VAN DIE POLISIE BY DIE PROTES 14**

Wanneer kan die polisie geweld gebruik? . . . 15
Watter wapens mag die polisie gebruik? . . . 17
Identifisering van die Polisie . . . 18
Ek was 'n slagoffer van polisie-brutaliteit. Wat moet ek doen? . . . 21

**3. ARRESTASIES EN HOFPROSESSE 22**

Moontlikheid van arrestasie of aanhouding . . . 23
Waarvan kan ek aangekla word? . . . 23
Arrestasies gedurende protesaksies . . . 25
Wanneer jy in hegtenis geneem word . . . 25
Die reg om stil te bly . . . 26

**4. STRATEGIEË OM JOU REG OP PROTES BESKERM 33**

Voor die artikel 4 vergadering . . . 34
By die artikel 4 vergadering . . . 35
By die protes . . . 36

**5. NUTTIGE KONTAKTE 37**

# Oor hierdie boekie

Die Right2Know veldtog is trots daarop om ‘n hersiene uitgawe van die aktivisme gids tot die Reg om te Protesteer uit te gee. Dit is die 2de uitgawe van R2K se boekie, wat op sy beurt ‘n aanpassing was van materiaal geskep deur die Antiprivatisering Forum in 2007.

Ons veldtog is ‘n produk van baie strydvoerings deur gemeenskappe, sosiale bewegings en nie-regerings organisasies (NROs) wat voor ons gekom het. Die reg om te protesteer, vryheid van uitdrukking en gelykheid voor die Wet is sentraal tot al daardie strydvoeringe. Meer as ooit,moet almal wat leef en werk in Suid Afrika nie net hierdie regte ken nie maar hulle ook kan uitoefen.

**Deel 1** van hierdie boekie verskaf basiese inligting oor enige byeenkomste wat as ‘n vorm van protes, betwisting of kritiek in ‘n openbare ruimte gesien kan word. Dit verduidelik die wetlike definisie van ‘n “byeenkoms” en die wetlike regte en pligte van die organiseerders.

**Deel 2** is ‘n nuwe toevoeging tot die boekie wat fokus op polisie-brutaliteit en die reëls en regulasies wat polisie optrede by protesaksies reguleer.

**Deel 3** gee ‘n basiese verduideliking van hof prosesse wat ‘n kan arrestasie volg en wat om te doen in daardie situasies.

**Deel 4** gee ‘n paar algemene riglyne oor die beskerming van die reg om te protesteer, en ‘n paar nuttige kontakte vir verdere inligting.

Kennis is Mag! Neem hierdie boekie saam na protesaksies en gebruik dit in jou strydvoering vir die sosiale-, ekonomiese- en omgewings-geregtigheid wat ons so broodnodig het.





# DEEL 1

# VERSTAAN DIE REGULASIES VAN DIE WET OP BYEENKOMSTE

# WAT IS DIE WET OP REGULERING VAN BYEENKOMSTE?

Die Wet wat die reg om te protesteer reguleer staan bekend as die Wet op Regulering van Byeenkomste (sommige mense noem dit die *Byeenkomste Wet* of die RBW vir kort). Die Byeenkomste Wet is opgestel in 1993 in 'n tydperk van groot politieke geweld. Die Goldstone Kommissie wat die politieke geweld en polisie-brutaliteit teen betogers ondersoek het, het aanbeveel dat 'n wet opgestel word om 'n nuwe raamwerk te vestig vir die reg om te protesteer en die rol van die polisie in protesaksies te verander.

Die resultaat is dat die Byeenkomste Wet goed sowel as sleg insluit. Dit bevat 'n paar belangrike aspekte ten opsigte van die reg om te protesteer, en 'n paar artikels wat die reg om te protesteer ondermyn, of net verouderd is.

Die Wet op Byeenkomste sê wat protesorganiseerders moet doen vóór 'n protes, wat die owerhede moet doen, en ook wat hulle nie mag doen nie. Dit sê ook dat owerhede moet toelaat dat mense hierdie reg uitoefen, en kan dit nie net *verbied* nie. Wanneer daar ernstige kommer bestaan oor of die protes onveilig gaan wees, moet die owerhede betrokke raak en met die organiseerders beraadslaag om 'n veilige manier om die protes te laat plaasvind uit te werk. Slegs in die uiterste gevalle kan die owerhede 'n byeenkoms verbied.

Maar owerhede misbruik dikwels hierdie proses.





# WAT IS 'N BYEENKOMS?

In die Wet op Byeenkomste, het die woord *byeenkoms* 'n spesifieke betekenis – **dit is 'n optog, plakkaat-betoging of parade van 16 mense of meer mense in enige openbare ruimte, wat enige vorm van protes of uitdagende kritiek teenoor enige persoon, maatskappy of regeringsliggaam uitdruk**. 'n Byeenkoms vereis kennisgewing vooraf aan die betrokke plaaslike owerheid – gewoonlik 'n aangewese persoon of kantoor in die munisipaliteit.

# IS DIT WAAR DAT EK MOET KENNIS GEE OOR 'N BYEENKOMS?

Die Wet op Byeenkomste sê dat as jy 'n byeenkoms van 16 mense of meer beplan, moet jy die *verantwoordelike beampte* van die Munisipaliteit eers verwittig. Ons noem dit *kennis gee*.

As die optog, plakkaat-betoging of protes deur **15 of minder mense** bygewoon word, word dit 'n *demonstrasie*'genoem en dan het **jy nie nodig om kennis te gee** aan die plaaslike owerhede nie.

*Kennis gee* is nie dieselfde as *vra vir toestemming* nie, en jy het nie *toestemming* nodig om jou reg tot protes uit te oefen nie!

## WANNEER MOET EK DIE MUNISIPALITEIT IN KENNIS STEL (HOEVEEL DAE VOORAF)?

Volgens die Wet, moet jy ideaalgesproke die owerhede **ten minste sewe dae** vóór die protes in kennis stel. Indien sewe dae **nie moontlik is nie kan jy minder as sewe dae kennis gee**, maar jy moet dan redes aanvoer waarom dit laat is.

MAAR jy moet altyd ten minste 48 uur kennis gee. As jy minder as 48 ure kennis gee, kan jou protes aansoek geweier word sonder enige redes.

## HOE GEE EK KENNIS VAN 'N PROTES?

Die organiseerder van die protes moet 'n vorm genaamd *Kennisgewing Kragtens die Regulasie van die Wet op Byeenkomste* voltooi en dit oorhandig aan die plaaslike owerheid. Die kennisgewingsvorm behoort by alle munisipale kantore beskikbaar wees, en jy behoort dit te kan e-pos, faks of dit persoonlik in te kan handig.





Jy moet die volgende inligting verskaf:

- Die naam, adres en kontakbesonderhede van die sameroeper en die adjunk-sameroeper.
- Die naam van die organisasie en die mees pertinente rede vir die protes.
- Die tyd, datum en plek van die protes.
- Hoeveel mense jy dink sal deelneem.
- Hoeveel beamptes sal daar wees en hoe hulle geïdentifiseer kan word (bv. rooi arm band) .
- As jy van plan is om 'n memorandum aan iemand te oorhandig, moet jy hulle naam en adres verskaf.
- As dit 'n optog is, moet jy ook inligting gee oor die roete, waar en wanneer dit sal begin, en waar en wanneer dit sal eindig.
- Jy sal ook moet stipuleer hoe die betogers daar gaan kom en hoe hulle weer sal vertrek as die protesaksie verby is.
- Jy moet ook verklaar watter voertuie deel van die optog sal wees.

### SPESIALE TOESTEMMING VIR BETOGINGS BY DIE PARLEMENT, DIE UNIEGEBOU OF HOWE

Die Wet op Byeenkomste vereis dat enige byeenkoms of demonstrasie binne 100 meter van die Parlement, die Uniegebou of 'n hofgebou, spesiale skriftelike toestemming van die owerhede wat hier gelys word, vereis:

- **Parlement** – Hoof-Landdros van Kaapstad [021 461 6282]
- **Uniegeboue** – DG van die Presidensie [012 300 5354]
- **Hofgeboue** – die distrik se landdros.

'n Groot probleem met die Wet op Byeenkomste, is dat dit vereis dat jy toestemming kry van die instelling teen wie jy wil protesteer.

# NADAT EK KENNIS GEGEE HET, WAT GEBEUR?

Die metropolisie of munisipaliteit mag jou vra om na ʻn vergadering toe te kom om die planne vir die protesaksie te bespreek. Dikwels noem ons dit ʻn **artikel 4 vergadering** (want dit word in artikel 4 van die Wet op Byeenkomste bespreek). Hulle moet jou uitnooi binne 24 uur na hulle jou kennisgewing ontvang het.

### WAT GEBEUR AS EK KENNIS GEE, EN NIEMAND KONTAK MY NIE?

Indien die sameroeper minstens sewe dae vóór die protesaksie kennis gegee het, en niks hoor van die plaaslike owerheid nie, is die byeenkoms is outomaties wettig. Maak seker jy bewaar ʻn afskrif van die kennisgewings vorm en jou bewys van aflewering – en bring dit saam na die protes.

Maar jy moet ook versigtig wees: in sommige munisipaliteite wag die amptenare tot die laaste dag vóór jou beplande byeenkoms om jou te roep na ʻn vergadering, en dan probeer hulle jou te dwing om die byeenkoms te kanselleer wanneer hulle goed weet dat jy byna geen tyd het om te reageer of jou gemeenskap in kennis te stel nie. Volgens die wet is hulle nie veronderstel om dit te doen nie, maar wanneer dit wel gebeur, plaas dit jou in ʻn moeilike situasie. As jy vermoed dat die owerhede gaan probeer om dit doen (byvoorbeeld as hulle dit al voorheen gedoen het), is dit dalk ʻn goeie idee om vroeg al aan te dring op ʻn vergadering vóór die beplande protes.





# WAT GEBEUR BY ʻN ARTIKEL 4 VERGADERING?

Die artikel 4 vergadering is slegs veronderstel om oor logistiek te gaan, en as ʻn forum te dien waar die polisie en munisipale amptenare regmatige kommer kan uitspreek oor die veiligheid van die protesaksie.

As daar enige kommer is, moet daar ʻn bespreking tussen al die mense in die vergadering plaasvind om te onderhandel oor ʻn veilige pad vorentoe (bv. deur ʻn verandering in die beplande roete van die optog, of die aanvangstyd). Daar moet billike besprekings plaasvind waar alle betrokkenes betrek word – maar baie protesorganiseerders kla dat dit ʻn eensydige proses is.

Een taktiek wat protesorganiseerders gebruik is om die afdeling 4 vergadering in groot getalle by te woon om ondersteuning aan mekaar te gee en seker te maak dat die owerhede nie die sameroepers intimideer of onbillike druk op hulle plaas nie.

# KAN DIE OWERHEDE DIE PROTESAKSIE VERBIED?

### DIE VERANTWOORDELIKE BEAMPTE KAN SLEGS ʻN PROTESAKSIE VERBIED INDIEN:

1. Daar wettige, ernstige kommer bestaan dat die protes sal lei tot beserings, ernstige eiendomsbeskadiging of ernstige ontwrigting van verkeer; *en*

2. 'n vergadering met die sameroepers plaasgevind het, en alle voorsorgmaatreëls om 'n veilige byeenkoms te hou, misluk het; *en*
3. die sameroeper skriftelike redes kry waarom die byeenkoms nie kan voortgaan nie; *en*
4. Die polisie of verkeerspolisie 'n beëdigde verklaring uitreik waarin hulle verklaar dat hulle redelike gronde het om te glo dat jou protes die veiligheid van betogers of die publiek mag bedreig, skade aan eiendom kan veroorsaak of die verkeer ernstig kan ontwrig.

### WAT GEBEUR AS 'N BYEENKOMS VERBIED WORD?

As 'n byeenkoms wat verbied is steeds aangaan, sal dit as onwettig beskou word. Enigiemand wat meedoen aan 'n verbode byeenkoms pleeg 'n misdryf.

Maar as jy glo dat jou byeenkoms nie verbied moes gewees het nie, kan jy 'n Landdroshof of Hoër Hof nader en vra dat die landdros of regter die verbod omkeer en die byeenkoms toelaat om voort te gaan.

Dit is 'n groot uitdaging want jy mag op die laaste oomblik regsadvies benodig. As jy jouself in hierdie situasie bevind, kontak een van die organisasies op die lys agterin hierdie boekie om uit te vind of hulle kan help.

### REËLS VIR BEËINDIGING VAN 'N BYEENKOMS

Wanneer 'n wettige byeenkoms klaar plaasgevind het, moet dit opbreek op die tyd wat die organiseerders gesê dit sou gebeur het.

By die protes, as die polisie 'n bevel gee om op te breek, is dit 'n misdryf om hulle nie te gehoorsaam nie, en julle mag in hegtenis geneem word of kragdadig uiteengejaag word. In so 'n geval moet die polisie egter aan sekere reëls voldoen – sien Deel 2 van hierdie boekie.





## HOE MISBRUIK OWERHEDE DIE WET OP BYEENKOMSTE?

Baie munisipaliteite het hul eie reëls/verordeninge aangeneem wat van die betogers vereis om sekere ekstra goed te doen voordat 'n protes mag voortgaan, wat nie deel van die Wet op Byeenkomste is nie.

### DIE WET OP BYEENKOMSTE <u>VEREIS NIE</u> DAT JY ENIGE VAN DIE VOLGENDE DINGE HOEF TE DOEN NIE:

- 'n Toestemmingsbrief kry van 'n plaaslike raadslid of tradisionele owerheid, of 'n bevestigingsbrief van die entiteit teen wie jy wil protesteer.
- 'n Fooi hoef te betaal vir goedkeuring vir die protesaksie, of 'n deposito betaal – of 'n vrywaringsvorm teken in die geval van eiendomsbeskadiging.
- Jou bekommernisse of eise hoef te lug deur 'n forum anders as 'n protesaksie – bv. deur 'n vergadering met die munisipale bestuurder of raadslid aan te vra.

Die owerhede HET NIE DIE REG om soveel ekstra versperrings op mense se pad te plaas of selfs 'n fooi te eis voordat hulle hul reg tot protes mag uitoefen nie! As jy deur enige van hierdie beperkinge in die gesig gestaar word, raadpleeg 'n prokureur of ander kamerade wat advies kan gee.

In sommige gebiede tree plaaslike R2K strukture selfs as kampvegters teen hierdie praktyke op, omdat hulle 'n bedreiging is vir ons reg om te protesteer!

# STRATEGIE EN TAKTIEK: GEBRUIKE EN UITDAGING VAN DIE WET OP BYEENKOMSTE

Dis duidelik dat, terwyl baie van die ergste misbruike van die reg tot protes eintlik onwettig is ingevolge die Wet op die Regulering van Byeenkomste, die Wet self nie genoeg doen om die reg om te protesteer te bevorder nie. Dit plaas dus baie beperkings op ons vermoë om ‘n basiese grondwetlike reg te uitoefen en kan beteken dat dit ongrondwetlik is.

Ten tye van die opdatering van hierdie boekie (Desember 2015) het daar verskeie wettige veldtogte ontstaan oor verskeie aspekte van die Wet op Byeenkomste. Een van die veldtogte is gelei deur die *Social Justice Coalition* in die Wes-Kaap, en ‘n ander veldtog is gelei deur die *Treatment Action Campaign* en *SECTION27* in die Vrystaat. Hierdie pogings moet ondersteun word sodat onbillike wette en praktyke wat die reg om te protesteer ondermyn afgebreek kan word.

Maar beteken dit ons moet die wet ignoreer? In sommige gevalle het die betogers buite die Byeenkomste Wet opgetree sonder enige nagevolge. In baie ander gevalle waar die betogers buite die Byeenkomste Wet opgetree het, is hulle deur ernstige gevolge in die gesig gestaar – die polisie het verskriklike geweld op betogers





uitgehaal of mense gearresteer. Dit kan lei tot ‘n lang kriminele verhoor, vervolging en ‘n kriminele rekord. Al hierdie gevolge kan vernietigend wees vir ‘n organisasie en individuele aktiviste.

As gevolg hiervan het baie aktiviste besluit om die regulasies van die Wet op Byeenkomste takties te gebruik – om die wet op die punte van hulle vingers te ken, en sodoende al die moontlike wetlike beskerming vir protesteerders te verkry en te verseker dat die polisie nie ons regte misbruik nie.

## NASIONALE SLEUTELPUNTE WET

Dit is algemeen vir amptenare om te sê dat jy nie mag protesteer by ‘n sekere plek nie omdat dit ‘n Nasionale Sleutelpunt is (National Key Point). Daar is niks in die Nasionale Sleutelpunte Wet wat jou reg om te protes beperk nie.

Soms sal amptenare sê dat ‘n sekere plek ‘n Nasionale Sleutelpunt is terwyl dit nie waar is nie – óf omdat hulle oningelig is, of omdat hulle jou wil mislei. Jy kan ‘n lys van Nasionale Sleutelpunte wat in Januarie 2015 vrygestel was, nagaan by www.r2k.org.za/?p=4260.

# DEEL 2

# DIE ROL VAN DIE POLISIE BY ‘N PROTESASKSIE





Jy mag dalk verbaas wees om te hoor dat daar streng reëls is wat die polisie se gebruik van geweld teen betogers beperk.

## WANNEER KAN DIE POLISIE GEWELD GEBRUIK?

### DIE REËLS IS DUIDELIK:

- Die polisie mag slegs geweld gebruik teen betogers wanneer dit **noodsaaklik** is ter voorkoming van besering of dood van ‘n persoon of die beskadiging van eiendom, en wanneer onderhandeling en alle ander maatreëls misluk het;
- Voordat hulle oorgaan tot geweld om die protes te onderdruk, moet hulle eers **twee waarskuwings** in ten minste twee tale gee, en mense redelike tyd gee om uiteen te gaan;
- Hulle mag slegs die **minimum nodige geweld** gebruik onder die omstandighede.

Hierdie reëls moet gevolg word of die protes as onwettig beskou word al dan nie.

### VERSTAAN DIE WETLIKE BEPERKINGS VOLLEDIG

Die polisie kan slegs mag gebruik teen betogers wanneer pogings om te onderhandel misluk het en daar *redelike gronde* is om te glo dat gevaar vir mense of eiendom **nie deur ander optrede afgewend kan word nie**.

Maar selfs dan, voordat die polisie oorgaan tot geweld, moet hulle eers verskeie stappe volg. Dit is uiteengesit in die Regulering van die Wet op Byeenkomste en SAPD Nasionale Instruksie 4:

1. As daar 'n ernstige veiligheidsrisiko is, en pogings om 'n oplossings deur onderhandelinge te bereik misluk het, moet die Polisie eers **veiligheidsmaatreëls** in plek sit.
2. Die polisie moet dan 'n **waarskuwing** rig aan die betogers – in ten minste twee van die amptelike landstale – dat daar verdedigende stappe teen hulle geneem sal word indien die verdedigingsmatreëls misluk.
3. Die Polisie moet dan die reserwe afdeling van die polisie wat verantwoordelik is vir verdedigingsmaatreëls inbring. Volgens die regulasies, moet dit as 'n **afskrikmiddel** teen verdere geweld dien – met ander woorde, jy moet in staat wees om te sien dat die polisie gereed maak om geweld te verbruik.
4. Polisie moet dan 'n **tweede openbare waarskuwing** rig in ten minste twee van die amptelike landstale vir die betogers om vredevol uiteen te gaan binne 'n redelike tydraamwerk gee.

Indien betogers nie uiteengegaan het ná die twee waarskuwings en binne die voorgeskrewe tyd nie, het die bevelvoerende beampte die reg om die polisie opdrag te gee om die skare op te breek met die gebruik van die minste moontlike geweld onder die omstandighede. Enige gebruik van geweld moet gerig wees op ontlonting van konflik.

Die polisie kan onmiddellike stappe neem teen enigiemand wat probeer om 'n ander persoon ernstig te beseer, of om ernstige"skade aan eiendom aan te rig – met die gebruik van die minimum moontlike geweld.

Behalwe vir persoonlike verdediging, kan die polisie **slegs** geweld gebruik in opdrag van die operasionele bevelvoerder.





**WAT IS 'N VERDEDIGINGSMAATREËL?** bv. die vorming van 'n versperring, onderhandeling, opstel van 'n kordon, blokkering, isolering, patrollering, begeleiding.

**WAT IS 'N AANVALLENDE MAATREËL?** bv. deursoeking, terugstoting, ontruiming, omringing, uiteendrywing van betogers, met behulp van toepaslike geweld.

## WATTER WAPENS MAG DIE POLISIE GEBRUIK?

Volgens SAPD Nasionale Instruksie 4, moet alle openbare orde polisie toegerus wees met 'n skild, 'n tonfa (knuppel), peperspuit, skokgranate, 'n haelgeweer (rubber koeëls), en 'n 9mm handwapen (lewendige ammunisie).

### DIE VOLGENDE BEPERKINGE GELD GEDURENDE SKAREBESTUUR:

- **Peperspuit en traangas:** mag nie gebruik word tensy spesifiek gemagtig deur die operasionele bevelvoerder nie. Mag nie gebruik word binne geboue of in 'n stadion nie.
- **Rubber koeëls** (geskiet uit 'n haelgeweer): mag slegs gebruik word om 'n skare uiteen te jaag *in buitengewone omstandighede en indien minder kragtige metodes ondoeltreffend was*.
- **Skerp ammunisie** (d.w.s. lewendige ammunisie): mag nie gebruik word in skare-bestuur nie.
- **Skokgranate**: die Nasionale Instruksie 4 gee geen leiding vir die gebruik van skokgranate nie, maar polisie se opleidingshandleiding bepaal dat dit nooit direk op betogers gegooi mag word nie, en moet gerol word om beserings te vermy.

Enige SAPD lid wat hierdie reëls verbreek, is skuldig aan wangedrag – jy kan 'n klag lê by die plaaslike SAPD stasie.

# IDENTIFISERING VAN DIE POLISIE

## OPENBARE ORDE POLISIE




Die openbare orde polisie (POP) is verantwoordelik vir polisiëring van protesaksies. Hul opleiding is ontwerp om die belangrikheid van oplossing en ontlonting van konflik te beklemtoon, selfs wanneer hulle uitgelok word deur betogers.

- Jy kan 'n lid van die openbare orde Polisie identifiseer deur die rooi kenteken met goue SAPD kentekens op hul bors. Vir die meeste ander polisie, is die kenteken blou.
- Die beampte se naam is aan die bokant van die kenteken.
- Alle polisie word verplig om te verseker dat hul naamkenteken sigbaar is. Enige polisie lid wat hul kenteken verwyder om sodoende hul identiteit te versteek, verontagsaam 'n bevel.





**ELKE POLISIELID, INSLUITENDE POP LEDE, VERTOON OOK HUL RANG OP HUL SKOUER:**

*Kaptein*



*Luitenant*



*Adjudant offisier*




*Sersant*




*Konstabel*



### GEWONE POLISIE

Gewone SAPD lede kan ook teenwoordig wees, veral as die eerste wetstoepassers wat by 'n protes opdaag waar die owerhede nie in kennis gestel is nie.

### TAKTIESE EENHEDE / PARAMILITÊRE EENHEDE

In uiterste gevalle, kan die paramilitêre eenhede soos die Taktiese Reaksie Span ingeroep word om die Openbare Polisie Orde span by te staan. Jy kan die Taktiese Reaksie lede identifiseer aan die blou barette wat hulle dra. Wanneer paramilitêre eenhede betrokke raak by protesaksies, dui dit daarop dat SAPD glo hulle het beheer verloor – of is in die proses om beheer te verloor – en van voorneme is om die protes uiteen te jaag deur die gebruik van geweld. Die paramilitêre eenhede het 'n reputasie vir veel meer aggressiewe optrede.

### MISDAAD INTELLIGENSIE AMPTENARE?

In sommige gevalle mag daar dalk beamptes in siviele klere teenwoordig wees in die skare. Hulle kan moontlik lede van die SAPD Misdaad Intelligensie Afdeling wees. Hulle is daar om inligting in te win, en sal nie deelneem aan skarebeheer of hulself noodwendig identifiseer as polisielede nie.

### HOEKOM VERFILM DIE POLISIE MY BY 'N PROTES?

Dit is algemeen om die polisie te sien verfilm, foto's neem of notas maak by 'n protesaksie. Ingevolge Nasionale Instruksie 4, samel die SAPD volledige inligting in oor gebeure en deelnemers by protesaksies. Alle video beeld-materiaal moet ingehandig word en bewaar word as bewyse en vir evaluering en opleiding.





### KAN EK VIDEO'S OF FOTO'S VAN DIE POLISIE NEEM?

JA. Sommige beamptes mag probeer om jou te keer, te eis dat jy materiaal vernietig of probeer om jou toerusting te konfiskeer. Jy moet doen wat ookal nodig is om jouself veilig te hou, maar daar is GEEN WETTIGE verbod op jou reg om fotos te neem of filmopnames van die polisie te maak nie.

*Vir meer inligting oor hierdie reg, besoek r2k.org.za/filmthepolice.*

## EK WAS 'N SLAGOFFER VAN POLISIE-BRUTALITEIT. WAT MOET EK DOEN?

- Kry so gou as moontlik mediese behandeling.
- Indien moontlik, kry die geweld op video of kamera.
- Kry die name en range van die betrokke beamptes.
- Neem fotos van enige beserings so gou moontlik daarna.
- Kry 'n doktersverslag oor jou beserings.
- Jy kan die volgende wetlike en administratiewe aksie neem:
  - Lê 'n klag teen die lid van die polisie by die plaaslike SAPD stasie
  - Lê 'n klag by die Onafhanklike Polisie Ondersoek Direktoraat (IPID).
  - Dien 'n siviele eis in – d.w.s. deur die polisie te dagvaar.

Die SAPD moet IPID van enige gebruik van geweld by 'n protes in kennis stel. Die IPID is ook verplig om enige klagte van aanranding teen 'n SAPD lid te ondersoek.



# DEEL 3
# ARRESTASIES EN HOFPROSESSE





## MOONTLIKHEID VAN ARRESTASIE OF AANHOUDING

By enige soort protes kan jy moontlik met die polisie te doen kry – veral as daar groot getalle betogers is. Dikwels arresteer die polisie die aktiviste by protesaksies of hou hulle aan. As jy by 'n protes is en een of meer polisiebeamptes begin jou vrae vra wat jy nie bereid is om beantwoord nie – of wat die byeenkoms of sy doel kan skade aandoen – sê vir hulle dat jy weier om te antwoord. Doen dit kalm en sonder om dreigende gebare te maak.

## WAARVAN KAN EK AANGEKLA WORD?

Die mees algemene aanklag onder die Wet op die Beheer van Openbare Byeenkomste is *onwettige byeenkoms* – óf die hou van 'n byeenkoms sonder kennisgewing, of bywoning van 'n byeenkoms wat verbode is. Dikwels kan betogers ook aangekla word van openbare geweld, kwaadwillige beskadiging van eiendom, en aanranding. Hierdie misdrywe is deel van algemene wet, nie die Wet op Byeenkomste.

- **'Public violence'** (openbare geweld) is – in 'n baie breë definisie – die onwettige en opsetlike uitvoering, saam met 'n aantal mense, van 'n aksie wat ernstige afmetings aanneem, en wat bedoel is om openbare vrede en rustigheid geweldadig te versteur of om met die regte van ander mense in te meng.
- **'Malicious injury to property'** (kwaadwillige saakbeskadiging) is die onregmatige en opsetlike beskadiging van die eiendom van 'n ander.
- **'Assault'** (aanranding) is die onregmatige en opsetlike gewelddadige optrede teenoor 'n ander persoon, of die opwekking van 'n indruk by 'n ander persoon dat onmiddellike geweld teen hom gebruik gaan word. ('Assault GBV' is nog 'n vorm van aanranding, waar die beskuldigde ernstige beserings veroorsaak het, of die intensie gehad het om dit te doen.)

Die Wet op Byeenkomste sê ook dat, in die geval van skade tydens 'n betoging, die sameroepers en hul organisasies aanspreeklik gehou kan word vir enige koste, tensy hulle kan bewys dat hulle nie verantwoordelik was vir die skade of dat hulle redelike stappe gedoen het om dit te verhoed. Dis 'n sleg provisie; want dit beteken dat die organiseerder van die betoging aanspreeklik gehou kan word vir die dade van 'n paar kansvatters.





## ARRESTASIES GEDURENDE PROTESAKSIES

Jy kan gearresteer word as 'n polisiebeampte sien dat jy 'n misdryf pleeg of redelike gronde het om te glo dat jy betrokke was by die uitvoering van 'n misdaad. As jy gearresteer word, moet die polisie vir jou sê watter misdaad of misdryf jy van verdink word. In praktyk doen dit nie altyd nie. Die polisie het die reg om jou en jou besittings sonder jou toestemming deur te soek wanneer jy in hegtenis geneem is.

## WANNEER JY IN HEGTENIS GENEEM WORD

- Moet nooit 'n polisiebeampte teengaan wanneer jy gearresteer word nie – verset teen arrestasie kan 'n verdere klag teen jou wees.
- Wees bewus daarvan dat die polisie gemagtig is om redelike mag te gebruik om jou te arresteer.

## DIE REG OM STIL TE BLY

Sodra jy in hegtenis geneem is, is jy verplig om aan die polisie jou naam en woonadres te gee, maar nie enige verdere inligting nie.

Maak nie saak wat hulle vir jou sê nie, jy het nie nodig om enige verdere inligting aangaande jouself, jou aktiwiteite of die organisasies waarby jy betrokke is aan die polisie te gee nie. Enigiets wat jy sê kan in die hof teen jou of een van jou kamerade gebruik word.

Onthou, jy het die reg om stil te bly en mag nie gedwing word om 'n bekentenis te maak nie.

**DIE EQUAL EDUCATION LAW CENTRE GEE DIE VOLGENDE WENKE:**

1. As jy oppad na 'n protesoptog is waar jy vermoed jy moontlik in hegtenis geneem kan word, bring bewys van adres saam omdat dit vinniger borgtog kan fasiliteer as jy gearresteer word.
2. As jy in 'n polisie vangwa gesit word en nog jou foon by jou het, stuur die volgende inligting aan 'n vriend of regsverteenwoordiger:
   - Die name van mense wat saam met jou gearresteer is.
   - Die naam van die beampte wat jou gearresteer het.
   - Na watter polisiestasie jy geneem sal word – of die registrasie nommer van die polisie voertuig waarin jy is.
   - Die kontakbesonderhede van iemand wat saam met jou woon.





# 1. WETLIKE STAPPE NÁ ARRESTASIE

Hierdie is die stappe wat gevolg moet word wanneer jy in hegtenis geneem word.

### 1.1. VERVOER NA DIE POLISIESTASIE OF VERWERKINGSENTRUM

Jy mag in 'n polisie motor of polisie vangwa vervoer word, afhangende van die aantal persone wat op dieselfde tyd in hegtenis geneem is. As dit 'n groep-arrestasie is, moenie met die mense wat saam met jou in hegtenis geneem is praat oor die gebeurtenis of enige sensitiewe inligting nie, selfs al is daar geen polisie beampte naby nie.

### 1.2. DIE IDENTIFIKASIE-PROSES

Jy is verplig om jou naam en adres te gee. 'n Polisiebeampte sal jou vingerafdrukke neem en daar sal fotos van jou geneem word.

### 1.3. AANHOUDING SEL

Jy kan in 'n sel geplaas word voordat jy aangekla word.

### 1.4. ONDERVRAGING

Ondervraging is gewoonlik net 'n gesprek wat plaasvind in die polisie voertuig of wanneer jy in hegtenis geneem is. Dit kan ook plaasvind in 'n ondervragingskamer. As jy in hegtenis geneem is tydens 'n protesoptog, moenie enige vrae wat die polisie jou vra beantwoord nie, behalwe om jou naam en adres te verskaf – totdat jy 'n kans gehad het om met 'n prokureur te praat. Sê net: "Ek sal stilbly."

### 1.5. BORGTOG VIR GERINGE OORTREDINGS

Vir geringe oortredings, soos betreding en beskadiging van eiendom, kan polisie borgtog toegestaan word. In sulke gevalle, kan jy met die ondersoekbeampte beding dat jy 'n sekere bedrag as borgtog sal betaal, as jy die geld het. Hierdie bedrag sal by die amptelike borgtogverhoor in die hof bevestig word. Dit sal van jou verwag word om hierdie bedrag in kontant betaal te betaal. Maak seker jy kry 'n kwitansie vir die volle bedrag wat jy betaal, onderteken deur die polisiebeampte wat die geld van jou neem.

#### STRATEGIËE WAT DIE POLISIE MOONTLIK SAL GEBRUIK OM JOU TE KRY OM TE PRAAT

**LEUEN:** "Jy is nie 'n verdagte nie, help ons net, vertel ons wat gebeur het."
**WAARHEID:** As jy nie 'n verdagte is nie, sou jy nie gearresteer geword het nie. Die feit dat jy gearresteer is, beteken dat jy 'n verdink word van 'n wetsoortreding.

**LEUEN:** "As jy nie ons vrae beantwoord nie, sal ons jou aankla van versetting teen arrestasie."
**WAARHEID:** Die polisie kan jou nie aankla van versetting teen arrestasie as jy klaar gearresteer is nie. Bo alles behou jy die reg om stil te bly.

**LEUEN:** "Al jou vriende het hul samewerking gegee en is vrygelaat. Jy is die enigste een nog hier."
**WAARHEID:** Vrylating beteken nie dat jou vriende nie steeds klagte teen hulle het nie, en jy het geen manier om te weet onder watter ooreenkomste jou vriende vrygelaat is nie.





## 2. DETENSIE

Detensie is die kort tydperk waarvoor jy aangehou word terwyl die polisie besluit of daar genoeg bewyse is om jou te vervolg. Volgens die wet, moet die polisie met redelike sekerheid kan bewys waarom hulle vermoed dat jy die wet oortree het. Tydens detensie, het die polisie geen reg om inligting oor jou kamerade, jou aktiwiteite of enige organisasies waaraan jy behoort van jou te vereis nie. Jy het die reg om stil te bly. Wees bewus dat enigiets wat jy sê – insluitend aan ander aangehoudenes– in die hof teen jou en jou kamerade gebruik kan word.

Jy het die reg om 'n regsverteenwoordiger van jou keuse te raadpleeg, en om te kommunikeer met en besoek te word deur 'n eggenoot of lewensmaat, naasbestaande, gekose godsdienstige berader, en/of gekose mediese praktisyn.

Jy kan net aangehou word vir 'n maksimum van 48 uur, naweke en openbare vakansiedae uitgesluit. So as jy op 'n Donderdag of Vrydag gearresteer is, kan jy tot Maandag in detensie gehou word. Dan moet jy óf in die hof verskyn óf vrygelaat word.

# 3. EERSTE VERSKYNING IN DIE HOF

### 3.1. AANSTEL VAN PROKUREUR

Jy het slegs die reg op 'n openbare regsverteenwoordiger ('n prokureur wat deur die staat aangestel is) tydens jou pleidooi en verhoor, nie vir jou borgtogaansoek nie.

### 3.2. AANKLAGTE

Dit is die eerste stap van 'n strafregtelike vervolging. Jy is voor die hof gebring om te hoor wat die aanklagte teen jou is. Die aanklagte is gestel deur die aanklaer, wat tydens die verrigtinge as verteenwoordig van die staat sal optree. Na aanhoor van die aanklagte, sal jy gevra word om te pleit – skuldig of onskuldig.

- **Skuldig pleit:** jy moet nie skuldig pleit voordat jy nie 'n prokureur geraadpleeg het nie. Jy kan later jou pleidooi verander as jy moet. Dit is die verantwoordelikheid van die aanklaer om bo redelike twyfel te bewys dat jy die misdryf waarvan jy aangekla word, gepleeg het. Jy hoef nie te bewys dat jy nie die misdaad gepleeg het nie.
- **Pleitooreenkoms:** Jy kan 'n pleitooreenkoms met die aanklaer aangaan. 'n Pleitooreenkoms is 'n onderhandelde ooreenkoms tussen jou en die aanklaer waarin jy skuldig pleit inruil vir 'n vonnis waarop jy en die aanklaer ooreengekom het.



DEEL 3

### 3.3. BORGTOG VERHOOR

Eerstens moet die hof besluit of jy in aanhouding moet bly tot die verhoor. As die hof besluit om jou vry te laat, kan dit net met 'n waarskuwing wees, of op borgtog. Dit beteken dat die hof vertrou dat jy wel sal terugkom wanneer jou saak hervat word. Borgtog vereis van jou om 'n som geld te deponeer as sekuriteit. Die hof sal die deposito hou as jy nie opdaag vir alle verhore totdat die saak afgehandel is nie.

As jy 'n vorige veroordeling het of as die klag ernstig is, sal die borgtogverhoor uitgestel word vir minstens 'n week sodat jy 'n formele skriftelike borgaansoek kan voorberei, en om tud te gee vir die staat om verder ondersoek in te stel of dit gepas is om aan te beveel dat jy op borg vrygelaat word. As jy nie deur 'n prokureur verteenwoordig word by jy borgtogaansoek nie, moet jy 'n baie sterk saak maak dat jy nie 'n vlugrisiko is nie (wat beteken jy sal nie vlug of gaan wegkruip as jy vrygelaat word nie) of 'n gevaar wees vir ander getuies of die samelewing nie, en dat jy daarom borgtog toegestaan moet word. Onthou, borgtog word nie outomaties toegestaan nie.

As jy in hegtenis geneem is en wil aansoek doen om borgtog, moet jy alles wat van toepassing is noem. Hierdie faktore kan jou help om op borgtog vrygelaat te word:

- Geen vorige veroordelings nie.
- 'n Vaste woonadres.
- Vaste werk.
- Persoonlike omstandighede soos jou ouderdom, inkomste en aantal afhanklikes.
- As jy 'n persoon van goeie karakter is.

# 4. VONNISOPLEGGING

## As jy 'n pleitooreenkoms onderhandel, moet die regter die ooreenkoms wat jy en die aanklaer bereik het bevestig.

In die geval van 'n pleitooreenkoms, moet die misdrywe waaraan jy skuldig pleit minder in getal en/of erns wees as dié waarvan jy aangekla word. Die vonnis moet ook korter en minder ernstig wees as die een wat jy moontlik kon kry as jy wel skuldig bevind sou word sonder 'n pleitooreenkoms.

As jy skuldig is, kan jy pleit vir versagtende omstandighede of vermindering van vonnis. Die volgende faktore word beskou as versagtende omstandighede, of faktore wat kan help vir verminderde vonnis:

- Berou (as jy skuldig gepleit het, jou samewerking aan die polisie gee, 'n skulderkenning gemaak het en berou het oor jy dade).
- Persoonlike omstandighede (jou ouderdom in geval jy baie jonk is of baie oud is, of as jy afhanklikes het, jou inkomste en hoe jou afhanklikes nadelig geaffekteer sal word deur die vonnis).
- Geen vorige oortredings (as dit jou eerste oortreding was).





# DEEL 4

# STRATEGIEË OM JOU REG OP PROTES BESKERM

## VOOR DIE ARTIKEL 4 VERGADERING

- Beplan so veel as moontlik eers in jou eie organisasie. Besluit op besonderhede – soos die begin- en eind-tyd, die roete, en hoeveel mense verwag sal word.
- Verwittig die owerhede so gou as moontlik dat jy van voorneme is om 'n protesoptog te hou, eerder as om te wag tot op die laaste minuut.
- Hou 'n afskrif van die kennisgewingsvorm, sowel as ander dokumente wat toestemming gee vir die protesoptog, of betrekking het op die ooreenkoms tussen jou en die owerhede.
- As jy beplan om 'n memorandum of versoekskrif aan iemand te oorhandig tydens die optog, maak seker jy verwittig hulle voor die protesaksie.
- Dit is beter om nie op Vrydae protesoptogte te hou nie, ingeval jy gearresteer word. Tensy jy die naweek in die tronk wil deurbring!



## BY DIE ARTIKEL 4 VERGADERING

- Sommige organisasies nooi ander ervare aktiviste om saam met hulle die vergadering by te woon, om sodoende te verhoed dat hulle in getalle oorweldig word of geïntimideer word.
- Aan die begin van die vergadering, skryf die naam van elke teenwoordige amptenaar neer.
- Dit is 'n goeie idee om die vergadering op te neem op jou foon, ingeval enige van die beamptes dreigend optree of sê iets wat jy in die hof kan gebruik. Laat hulle weet jy doen dit!
- As jy dink dat die owerhede kan probeer om die protesaksie te keer, waarsku 'n prokureur of 'n vertroude kameraad sodat jy kan hulle bel gedurende die vergadering om advies te kry. As jou optog verbied word en jy 'n prokureur kry om dit in die hof te verdedig, sal hulle soveel as moontlik waarskuwing benodig.
- As die owerhede probeer om die protes te verbied, **moet jy die redes skriftelik kry**.

## BY DIE PROTES

- Maak seker jy het 'n afskrif van die kennisgewingsvorm wat jy voorgelê het, en enige ander relevante dokumente.
- Hou 'n afskrif van hierdie R2K Reg Om Te Protesteer gids by jou.
- Maak seker die leiers is goed georganiseer en ken die plan.
- Maak seker dat niemand by jy protesaksie iets doen om dit te ontwrig of geweld veroorsaak nie.
- Wees gereed om fotos en/of video van enige polisie-brutaliteit of ander misbruik te neem.
- Maak nie saak wat die wet sê oor jou regte nie, as die polisie eis dat jy iets doen en dreig om jou in hegtenis neem of geweld teen jou te gebruik, doen wat hulle sê. Om jouself en jou kamerade veilig te hou moet jou eerste prioriteit wees.
- Maak seker jy het prokureurs, joernaliste of ander kamerade wat jy kan bel of SMS as jy hulp nodig het.



# NUTTIGE KONTAKTE

**RIGHT2PROTEST HOTLINE**
**0800 212 111**

*Bel hierdie nommer vir regsadvies as iemand jou protesaksie probeer stop of as iemand in hegtenis geneem is by 'n protes.*

Facebook/Twitter @protestZA

**RIGHT2KNOW**

Nasionaal: 021 447 1000 of admin@r2k.org.za

Wes-Kaap: 021 447 1000 of westerncape@r2k.org.za

Gauteng: 011 339 1533 of gauteng@r2k.org.za

KZN: 031 301 0914 of kzn@r2k.org.za

Ander provinsies: 082 525 3949 of bongani@r2k.org.za

Facebook/Twitter/Instagram: @r2kcampaign

**CENTRE FOR APPLIED LEGAL STUDIES**

011 717 8600

**FREEDOM OF EXPRESSION INSTITUTE (FXI)**

011-482-1913

**SOCIO-ECONOMIC RIGHTS INSTITUTE OF SOUTH AFRICA (SERI)**

011-356 5860

**LEGAL RESOURCES CENTRE**

Johannesburg: 011 836 9831
Kaapstad: 021 481 3000
Durban: 031 301 7572
Grahamstown: 046 622 9230

**PROBONO.ORG**

011 339 6080

**LAWYERS FOR HUMAN RIGHTS**

012 320 2943

*Vind 'n plaaslike gemeenskap advies kantoor: www.nadcao.org.za*

**Right2Protest Hotline: 0800 212 111**

# PROTESAKSIE IS 'N BELANGRIKE MANIER VIR MENSE OM HULSELF UIT TE DRUK OOR SAKE WAT VIR HULLE BELANGRIK IS, EN SEKER TE MAAK DAT MENSE WAT MAG HET LUISTER NA HUL BEKOMMERNISSE

Die Right2Know veldtog is bly om 'n nuwe uitgawe van hierdie aktivisme-gids uit te uitbring. Dit bou voort op die werk van menige strydvoerings wat voor ons gekom het. Meer as ooit moet almal wat leef en werk in Suid-Afrika nie net weet van hierdie regte nie, maar dit ook uitoefen.

CC BY SA

RIGHT2KNOW

www.r2k.org.za @r2kcampaign